




CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

Vertel, vertel! reeks - nou beskikbaar as 'n pakket teen slegs R650!

Vertel, vertel! is geskryf met die oog op geloofsvorming by kinders van 8 tot 16 jaar. Vanuit 'n benadering waar daar sterk klem gelê word op die vertel en oorvertel van die Bybelse verhale, word die verhale hier Skrifgetrou, maar ook baie boeiend vertel. Dit kan net so aan kinders voorgelees word. 'n Helder prentjie van die gebeure word in die gedagtes van die luisteraars geteken (verbeeldingryke luister) en deur oorvertel vasgelê.

Die verhaal self word toegelaat om die boodskap oor te dra en tot gesprek en nadenke te lei. Kinders word by die verhaal betrek. Dit sluit nou aan by die "Oral learning"-beweging waarin die waarde en vreugde van die luister na verhale en die oorvertel daarvan wêreldwyd herontdek word. Dit kan sonder veel moeite in verskillende kontekste toegepas word. Dit is maklik en eenvoudig geskryf. Dit word aanbeveel vir Sondagskool, jeugbediening, geloofsvorming deur opvoeders en geloofsonderrig in gesinne.

Elke handleiding bevat 'n inleidende gedeelte wat die benadering en metode van aanbidding duidelik beskryf. Die reeks kan oor 5 jaar gebruik word. Elke boek bevat 30 lesse wat weekliks, volgens die tradisionele 25-30 Sondagskoolsondae, aangebied kan word. Dit word aangevul deur werksboekies wat vir elke kind gegee word wat die vraag-en-antwoord gedeelte vir die kinders bevat. Kinders kan dan in die week wat volg relevante teksverse en toepaslike vrae volg om hulle aan die afgelope les te herinner.



Die inhoud van die boeke dek die volgende temas:

Boek 1 – *Ons begin* vertel die Bybelse verhale vanaf die skepping tot die Israeliete se trek na die beloofde land. Dit gaan in die boek oor God wat homself aan ons openbaar, met ons 'n verbond sluit en met ons op weg gaan – om uiteindelik die hele wêreld te bereik.

Boek 2 – *Gewone mens in God se plan* vertel die verhale vanaf die aankoms in die Beloofde Land tot

aan die einde van die Ou Testament en die afwagting van die koms van die Messias. Dit handel oor gewone mense soos ons, wat deur God in sy groot plan gebruik word.

Boek 3 – *God se seun word mens* vertel die verhaal van Jesus Christus, sy geboorte, die wonderwerke en verkondiging van die Koninkryk, sy kruis en opstanding en hoe dit ons as mense verander.

Boek 4 – *Ons is gestuurdes* vertel die verhaal van die opgestane Christus wat deur die Heilige Gees sy kerk versamel, bou en uitstuur om in die wêreld te getuig. Op hierdie pad lei en versterk Hy sy kinders. Dit vertel verhale uit die boek Handeling en die briewe van Paulus en ander

apostels en help ons om te verstaan hoe die Here ons vandag nog wil gebruik. Boek 4 eindig met die belofte dat Jesus weer kom om alles heel en nuut te maak.

Boek 5 – *Ons glo en leef*, die vyfde en laaste boek in die *Vertel, vertel!* reeks, handel oor sentrale geloofswaarhede in die hele Skrifverhaal. Wat glo ons? Hoe leef ons hierdie geloof prakties uit? Hoe help die hele Bybelverhaal ons om gelukkige kinders van die Here te wees? Die boek is in 'n sin die integrering en samevatting van die eerste vier boeke, net op 'n effens dieper vlak. Dit is daarom ook as afsluiting van die reeks bedoel vir die effens ouer kinders (12–16 jaar).

Die pakket sluit die volgende in:

5 Handleidings

5 Werksboeke

5 Kentekens (“Badges”)

5 Oudioboeke

1 Instruksie DVD

Die *Vertel, vertel!* promosievideo kan nou op YouTube gesien word, [klik hier](#).

Die *Vertel, vertel!* reeks ter waarde van meer as R850, is nou beskikbaar teen slegs R650.

Skakel CLF by (021) 873 6964 of epos order@clf.co.za om jou bestelling te plaas.

Ook beskikbaar by die CLF Bloemfontein boekwinkel (bloembooks@clf.co.za / 073 877 2358)